# Kalk is die hoeksteen van goeie graanopbrengste

Bastion se span het op 28 Februarie 2022 NWK Kunsmis se bemarkingspan, asook die span landboukundiges van NWK Landboubestuursdienste, by Bastion se Marico-aanleg en Buhrmansdrif-kalkmyn ontvang.

NWK se kundiges beskou kalk as die hoeksteen van goeie graanopbrengste. Die span kundiges gebruik presisie-opnames om die status van produsente se lande te bepaal en sodoende te verseker dat die grondslag reg is voor enige seisoen aangepak word.

## Meer oor kalk

Tydens die besoek het Dons Jordaan, bemarkingsbestuurder van Bastion, die verskille tussen kalksuiwerheid, kalkreaktiwiteit en kalk se reaksie in die grond aan die NWK-span uitgewys.

Kalk se suiwerheid word aangedui deur die KKE(HCl). Hierdie waarde gee ongelukkig nie duidelikheid oor die produk se reaktiwiteit nie en dui slegs die $CaCO_3$-inhoud aan. Die KKE(hars)-waarde is ontwikkel om die produk se reaktiwiteit aan te dui. Kalk se oorsprong en fynheid beïnvloed hierdie waarde.


Amorfiese kalkbronne se KKE(hars)-waarde is in die meeste gevalle beter as dié van kristallyne-kalkbronne. Só is kalk ook met 'n beter deeltjiegrootteverspreiding onder 250 mikron se KKE(hars)-waarde beter as 'n bron met 'n lae -250 mikronwaarde.

In onlangse inkubasieproewe wat Bastion laat doen het, kan duidelik gesien word dat KKE(HCl) nie die bepalende faktor in terme van pH-reaksie is nie.

**Grafiek 1** wys duidelik hoe goed Marico-dolomiet doen in terme van reaksie in hierdie spesifieke grond. Die twee ander kalkbronne in hierdie proef het hoër KKE(HCl)-waardes, maar hulle reaksie in hierdie grond strook nie met hul hoë KKE(HCl)-waardes nie. Dit bevestig dat produsente nie kan bekostig om kalk toe te dien sonder dat inkubasieproewe op die gronde en die spesifieke kalkbron gedoen is nie.

Buhrmansdrif-kalsiet se pH-reaksie is ook in hierdie proewe gemeet (**Grafiek 2**). In hierdie geval kan dié kalsiet se goeie reaksie toegeskryf word aan die amorfe aard en die fynheid van die produk.

**Grafiek 1: Die pH-verhoging gemeet op 20 weke van Marico-mikrofyndolomiet teen ander dolomietbronne.**




**Bastion belê elke jaar swaar in sy aanlegte om by te bly met die groeiende vraag na twee gesogte landboukalkprodukte – kalk en kalsiet. Daar is die afgelope paar jaar 'n groot bewuswording by produsente oor die kardinale rol wat bekalking in die graanproduksiestelsel speel.**

☆ **Dons Jordaan**
Bemarkingsbestuurder, Bastion




**Etienne Schoeman, besturende direkteur, verduidelik die proses wat Bastion by die Marico-aanleg volg.**



**Die operasionele bestuurder, Marius Maritz, verduidelik hoe die nuwe verbeterings die Buhrmansdrif-gehalte na die volgende vlak neem.**



**Grafiek 2: Die pH-verhoging op 20 weke gemeet van Buhrmansdrif-kalsiet teen ander kalsietbronne.**




Dit is baie belangrik dat landboukundiges inkubasieproewe met verskillende kalksoorte op 'n produsent se grond doen. Die doel hiervan is om die presiese reaksie van 'n spesifieke kalk in die produsent se grond te kan bepaal.

Die reaksie van dieselfde kalk op verskillende gronde (verskillende klei-, sand- en organiese materiaal-inhoud) is uiteenlopend, en dus is inkubasieproewe van kardinale belang. Hierdie werk word een keer op 'n produsent se verskillende tipes gronde gedoen. Hierna sal die landboukundige 'n meer oordeelkundige besluit oor die presiese toediening kan neem.

Na aanleiding van die besoek, is NWK se kundiges dit eens dat Bastion steeds hulle voorkeurkalkvennoot is. Bastion sal aanhou om te belê in toerusting en prosesse om die aankope van hoogstaande gehalte landboukalk so maklik en bekostigbaar as moontlik te maak.

Vir enige navrae, skakel gerus vir Bastion by 018 464 7828 of besoek hulle webblad, *www.bastionlime.co.za*.




Jou voorkeurverskaffer van **kalsiet, dolomiet, gips en mengsels**

BASTION
*Grondslag vir groei*

NATUURLIKE
LANDBOUKALK EN GIPS
**lewer uitmuntende reaksie in die grond**

**Sluit aan by duisende produsente en verseker u opbrengs vandag.** Met die hoë produksiekoste in landbou, kan geen foute gemaak word nie. Vertrou Bastion met hoë gehalte, reaktiewe produkte.

- Beste **logistieke ondersteuning**
- **Finansieringsopsies** beskikbaar
- **Mengsels aangepas** na u behoefte

www.bastionlime.co.za 018 464 7707 sales@bastionlime.co.za